# Die terugtog.



Na 'n redelike ongemaklike slaap op pad Mlimba toe het ek besluit om vir my 'n “luukse” slaapplek agter op die sleepwa in te rig. Om vir Ralph hulle ook meer plek in die kappie te maak het ons die ekstra dieseltenk agter in die sleepwa gesit. Daar was egter 'n paar slegte dele in die pad en op een of ander manier het die kraantjie oopgegaan en het die diesel in die sleepwa begin uitloop. Gelukkig het ons dit gou agtergekom want daar was 4 sakke rys op die sleepwa wat ons vir die kollege in Malawi aangekoop het.

Die matras het 'n groot deel van die diesel geabsorbeer, wat goed was vir die rys, maar dit het my planne vir 'n lekker nagrus by ons “oornag vulstasie” in die wiele gery en het ons drie siele maar weer daardie aand so tussen die los bagasie ingeskuif om te slaap.




Die naaste vulstasie aan die grenspos is op Kyela en daar het ons toe die nag oorgeslaap. Ons was 7 uur die oggend by die grenspos net om uit te vind hulle maak eers 8 uur oop. 11 uur daardie oggend is ons uit Tanzanië uit en weer terug in Malawi.

Toe ons die middag in Mzuzu kom het ek onmiddelik na Intercape busdiens se kantore gegaan en was gelukkig om die tweede laaste sitplek op die bus te kry wat Sondagaand sou vertrek Johannesburg toe.



Sarel en Lintie het bietjie die naweek by die meer gaan uitspan en het ek en Peet die studente gaan aflaai by die plek waar hulle naweke uitreik.

Die twee ritte saam is ongeveer 250 km. Dit verg ook heelwat finansies om hierdie uitreike weekliks te onderneem.





'n Paar jaar gelede het Peet 'n stuk grond by Cande baai langs die meer gekoop, maar nog nooit die tyd/ geld gehad om iets daar te bou nie. Ons het besluit om die Saterdag deur te gaan soontoe en die aand daar uit te kamp.

Op pad soontoe het ons gou afgedraai om bietjie na hierdie oord te kyk wat deur 'n nuwe eienaar oorgeneem en opgeknap is.






Links bo. Die stomp dui aan waar Peet se plek aan die linkerkant ophou en waar die buurman se plek begin.

Regs bo. Daar is 'n paar mango bome op die perseel. As jy lief is vir mangos, dan is dit die plek om te wees in mango tyd.

Die plek is omtrent 100 meter by 150 meter groot. Daar is egter geen ablusiegeriewe nie en sal dus nie binne almal se smaak val nie.








Links. Die gebrek aan geriewe het nou nie juis 'n demper op die ervaring geplaas nie. Na die rit Tanzanië toe was ons beide maar platsak en het dit ons gepas om nie te betaal vir 'n staanplek nie.

Regs. Wat is nou mooier as 'n sonsondergang?



**Links.** Elke aand gaan die vissermanne met hulle bootjies uit om vis te vang. Hulle bly die hele nag op die meer en kom eers met sonsopkoms terug.

Hierdie foto het ek Sondag oggend 24 Augustus geneem. Dit was die groot dag toe ek begin het om huiswaarts te keer.



Ek het sommer 'n kans gevat en Peet se verkyker voor die selfoon se lens gesit en dit is wat uitgekom het.







Op pad terug van Cande baai af het ons gou 'n draai gaan maak by 'n ander vakansie oord.

Een van my groot idiale in die lewe is om eendag vir 'n hele vakansie saam met Cora en die kinders Malawi meer toe te gaan.

Die langste tyd wat ek nog by die meer deurgebring het was toe ek en Peet drie jaar gelede vir twee aande by 'n plek so 15 km van hierdie een af oorgeslaap het.



Terug by die kollege het ons die studente gaan oplaai en het Peet my 9 uur die aand by die bushalte gaan aflaai. Die volgende oggend 3 uur het ons in Lilingwe aangekom en daar gewag vir die res van die passasiers. So 6 uur het ons van daar weggetrek Johannesburg toe.

Dinsdagmiddag was ek na 25 dae weer terug by die huis.

Dit was 'n bietjie langer as wat ek beplan het, maar ek is veral dankbaar dat ek fisies by die kollege in Tanzanië kon wees.

## Einde van Nuusbrief

Ek gee weer die bankbesonderhede van die Malawi kampus.

Naam van Rekening: Sola Scriptura Foundation.
ABSA Tjekrekening No: 4078 426 111
Algemene Takkode: 632005